

DIE Afrikaners sal net 'n verandering van hart kan ondergaan as die Afrikaanse kerke die leiding daarin neem, sê prof. Sampie Terreblanche in sy nuwe boek, *Die Wording van die Westerse Ekonomie*, wat aanstaande week verskyn.

Prof. Terreblanche bespreek onder meer as faktor in die oorgang na 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika die verhouding tussen die Engels- en Afrikaanssprekende establishments in die land. Hy meen dat albei anachronisties is en dat groot aanpassings in albei se denk- en waarde-oriëntasies nodig is as 'n revolusie in Suid-Afrika vermy wil word.

Hy skryf:

'n Faktor wat in die moontlike strukturele oorgang na 'n nuwe bedeling van besondere belang kan blyk te wees, is die onderlinge verhouding tussen die „English” en „Afrikaner establishments” en hul onderskeie denk- en waarde-oriëntasies. Bykans 'n eeu lank is die Suid-Afrikaanse geskiedenis oorheers deur die „koloniale stryd” tussen hierdie twee „establishments”.

Dit is 'n tragiese feit dat hierdie stryd oor die dekades heen soveel tyd en energie verbruik het dat dit tot 'n onrusbarende verwaarloosing van die „swart-wit-verhoudings” aanleiding gegee het. Dit wil egter voorkom asof die eeulange verhouding van vyandskap en agterdog vinnig besig is om plek te maak vir 'n verhouding van vennootskap (in veral die sakewêreld) en van wedersydse respek.

Ten spyte van bogenoemde verbeterings, wil dit tog voorkom asof nóg die „English establishment” nóg die „Afrikaner establishment” se denk- en waarde-oriëntasies volledig aange-

pas is by die eise wat die tyd en die Afrika- (of mikrokosmos-)situasie stel. Indien 'n mens die denk- en waarde-oriëntasies en lewenspatroon van albei „establishments” vergelyk met dié wat tydens die neëntiende-eeuse wêreldorde in Westerse lande in swang was, is merkwaardige ooreenkomste waarneembaar.

Die konserwatiewe lewenswaardes en die landelike lewensoriëntasie van die Afrikaners en die instandhouding van sekere Victoriaanse formalismes deur die Engelssprekendes herinner sterk aan die 19de-eeuse lewenspatrone in Europa. Net so herinner die argumente waarmee sowel Afrikaners as Engelssprekendes die bourgeois-waardes en die kapitalistiese vergoedingsisteme verdedig, die argumente waarmee hulle vurige pleidooie lewer vir die (vermeende) verdienstes van 'n ongebreidelde vrye mark ekonomie (terwyl ons ekonomiese stelsel allermens as sodanig beskryf kan word), en die argumente waarmee hulle die beweerde nadele van die sg. welvaartstaat veroordeel (terwyl bykans alle blankes in die voordele daarvan deel), baie sterk aan die argumente en die paradigma wat algemeen geldend in die neëntiende-eeuse wêreldorde was.

Die feit dat Suid-Afrika uit pas met die res van die Westerse wêreld is (en boonop so vaardig is om hierdie uit-pas-wees te regverdig), is miskien nie net aan ons „rassebeleid” te wyte nie, maar eerder aan die feit dat albei „esta-

blishments” in vele opsigte as anachronistiese verlengstukke van 19de-eeuse denk- en waarde-oriëntasies beskou kan word.

Die „English establishment” is 'n anachronistiese verlengstuk van die Victoriaanse bloeitijd, veral omdat daardie 19de-eeuse bourgeois-lewenswaardes met hul tipiese dubbele

van 'n aangepaste ekonomiese stelsel in die debat verwaarloos word en die ekonomiese implikasies van 'n moontlike nuwe politieke bedeling ook op 'n onrusbarende wyse verwaarloos word, bevestig nie alleen die vermoede dat albei „establishments” anachronisties is nie, maar illustreer ook twee ander dinge.

IN die tweede laaste uittreksel uit sy boek *Die Wording van die Westerse Ekonomie* bespreek prof. Sampie Terreblanche die verhouding tussen die Afrikaans- en Engelssprekende establishments. Hy kom tot die gevolgtrekking dat albei anachronisties is en dat albei groot aanpassings nodig het.

Die boek verskyn aanstaande week by Human en Rousseau-Academica.

standaarde ten opsigte van sowel private en openbare as ten opsigte van politieke en ekonomiese moraliteit nog steeds gehandhaaf word.

Die Afrikaanse „establishment” is ewe anachronisties vanweë sy oorbeklemtoning van die verdienstes van die Afrikaner se eie (jeugdige) nasionalisme, vanweë sy oormatige aanspraak op kunsmatige beskerming van blanke identiteit en bevoorregting, vanweë sy uitgediende konserwatisme en die amptelike en kerklike sanksionering van vrome en meesal verouderde landelike lewenswaardes.

Die feit dat die debat wat in albei „establishments” plaasvind oor die toekomstige bedeling in Suid-Afrika eensydig konsentreer op 'n ander politieke stelsel, en die moontlikheid

Eerstens dat baie blankes nog vasgevang sit in die ou liberale denkbeeld van die 19de eeu, waarvolgens veronderstel is dat die ekonomiese en politieke terreine twee redelik selfstandige lewensterreine is en/of behoort te wees en dat verandering op die een terrein nie belangrike implikasies vir die ander terrein inhoud of hoef in te hou nie. Op grond van hierdie verwronge liberale denkbeeld is sommige van die propagandiste van die vrye mark-ideologie blykbaar van mening dat as hierdie ideologie net aan swartmense (of aan 'n redelike deel van die swart leierskorps) „verkoop” kan word, die blankes se ekonomiese belange verskans sal wees ingeval 'n swart meerderheidsregering aan bewind sou kom.

Mense wat sulke ideë huldig, leef inderdaad in die illusie dat 'n 19de-eeuse droomwêreld nog bestaan of in Suid-Afrika, van alle plekke, weer in die lewe geroep kan word.

Tweedens getuig die verwaarloosing van die ekonomiese implikasies van 'n groot mate van onkunde omtrent die mate waarin die aandrang op politieke regte in eenvoudig alle wêrelddele in die 20ste eeu telkens net die instrument is wat minderheidsgroepe en ander groepe sonder effektiewe politieke mag wil probeer gebruik as 'n hefboom vir hul eie sosiaal-ekonomiese bevoordeling. Dit is voorwaar nie realisties om hierdie tipiese verskynsel van die 20ste eeu te ignoreer of om in terme van die paradigma van die 19de eeu te redeneer dat so iets nie behoort te gebeur nie!

'n Verandering in die denk- en waarde-oriëntasie van die blankes is inderdaad 'n *sine qua non* vir 'n evolusionêre oorgang na 'n nuwe politieke orde.

Sulke veranderinge sal alleen tot alle lae van die blanke bevolking kan deursuurdeeg as alle kerke, maar veral die Afrikaanse kerke, die implikasies wat die Christelike boodskap van menswaardigheid en offervaardigheid vir ons situasie inhoud, konsekwent kan verkondig en die morele onverdedigbaarheid en sondigheid van 'n beleid van starre rassediskriminasie ewe onomwonde aan die kaak kan stel. Die Afrikaners sal klaarblyklik net 'n verandering van

hart kan ondergaan as die Afrikaanse kerke die leiding daarin neem.

Indien die blankes deur pynlike selfondersoek en deur positiewe voorligting en leiding daarin kan slaag om die nodige denk- en waarde-oriëntasie te ondergaan en 'n paradigma kan vind wat aan die regverdigheidsnorm 'n groter plek in sosiale en politieke aangeleentheid kan gee, en indien swart leiers die aansprake van swartmense so kan temper dat dit nie die vermoë van die ekonomie en die offervaardigheid van die blankes sal oorspan nie, kan ons waarskynlik nog daarin slaag om die skynbaar onvermydelike strukturele oorgang na 'n nuwe politieke bedeling op 'n hoofsaaklik evolusionêre wyse deur te voer.

Dit sal egter persone in leiersposisies se vermoë om die eksterne en interne druk vir strukturele verandering korrek te identifiseer en die kapasiteit van die politieke leierskap in swart en wit bevolkingsgroepe — maar veral dié van die Nasionale Party — tot die uiterste op die proef stel. Terselfdertyd sal so 'n hoofsaaklik evolusionêre proses van verandering net volgehou kan word as die Westerse moondhede positief reageer op elke fase van strukturele verandering en deurgaans die nodige morele en ekonomiese onderskraking — op 'n openlike of op 'n bedekte wyse — aan Suid-Afrika kan verleen.

Niemand moet onder die illusie verkeer dat dit maklik sal wees om aan hierdie voorwaardes te voldoen nie. So baie is egter by die spel dat 'n uiterste poging ter wille van 'n evolusionêre oorgang na 'n nuwe politieke bedeling aangewend moet word.